die tyd was ons vry om te doen soos ons wil, daar was nie 'n Goewernements wet nie.

MNR. LUCAS: Hoe groot is 'n Pretoria erf ?--220 vt x 170. Daar is 3¼ erwe in 'n morg.

VOORSITTER: Die Myn kompanie het nou al hul erwe in een blok?--Nee, hul het hul so maar oor die hele plek.

U erwe en die naturelle erwe en die erwe van die diamant sindikaat le almal deur mekaar?--Ja, rond en bont. Glad nie aaneen. Die was die moeilikheid. Maar nou gee ons dit nie weg, wit, swart of bont--- waar die wittes is, moet die wittes bly en waar die kaffers is daar moet kaffers bly.

Is daar vandag 'n vra van die kant van die kaffers om grond te koop?--Ja, daar is aanvra, maar daar is altyd moeilikheid nou met hul betalery. Daar sou altyd meer aanvra gewees het as ek sou kan verkoop, maar ek het aan die kaffers bekend gemaak ek kan nie verkoop nie.

Watter prys het die grond gehad?--Ek denk my pryse was vasgestel op £20 destyds. Ek sou miskien sommige goedkoper verkoop het.

Het sommige meer as £20 betaal?--Later miskien, maar nie in die vroeger tyd nie.

Maar as die erf nou weer sou verkoop word, wat sou die prys wees?--Ek weet nie of 'n mens dit sou kan kry.

Op watter prys sou U nou verkoop?-- Nie onder £20.

Sou U vir £20 verkoop?--Ja, daarvir salek my hele plaas verkoop. Daar is 4 plots in 'n morg.

Dit sou 'n goeie prys wees?--Ja, as 'n mens dit kan so verkoop. Maar U moet verstaan ,waar die moeilikheid met 'n dorp uitle in kom is dit. U verkoop vandag 'n stuk en in 25 jaar verkoop U nog. In ou dae was grond

baie duurder as wat dit vandag is. Ek het in daardie ou dae betaal vir droog grond £35 per morg. En ek het selfs meer moet betaal. Ek het 'n hele plaas so gekoop, maar vandag kan U dit nie kry nie.

Het die naturelle op Eerste Rus enige soort van dorpsbestuur?--Niks nou op die oomblik.

Hoe maak hul vir water?--Elke grond het sy eie put So werk hul dit.

En sanitation?--Sanitation het hul -- 'n huisie en 'n gat in die grond, 10 of 15 voet diep.

Daar is niemand wat hom oor die sake stoor--hul doen soos hul wil en bou soos hul wil?--Nee, daar is glad geen bestuur nie.

En werk die naturelle meestal in Preotira?--Ja, heelmaal. Ek geloo nie dat daar een is wat op ander plek werk..

U se dit is hoofsaaklik oorlamse kaffers?--Ja, daar sal miskien 'n enkel een wees wat nie is. Daar is natives wat huise bou en wat die huise aan ander verhuur. Daar is baar skepsels wat later ingekom het.

DR. FOURIE: Mag hul meer as een huis bou op 'n erf?--Daar is geen restriksie.

VOORSITTER: Hul het daar skole?-- Ja, daar is 'n stuk of drie skole.

En as hul die huise verhuur, watter huur kry hul?--Daar is skepsels wat vir my gese het dat hul £1 kry vir twee kamers, 10 of 15 voet. Maar daar is weer ander wat se hul kry 5/- per kamer. Sommige bou beter en ander bou slegter. En dan is daar 'n klas wat beter

verdien en daardie mense kry natuurlik beter geld. en hul leef beter as daar die ander wat min verdien.

Waarom is die naam Eerste Rus verkies?--Omdat dit die eerste native township was. Ek het dit aan die oorlam se kaffers oorgelaat: ek het vir hul gese "jul kan die naam kies. Ek het moeilikheid gehad om toestemming te kry want die publiek was daarop teen dat die kaffers sou grond kry. Ek was daarvoor om die native toe te laat om erwe te kry, maar nie om hul toe te laat om 'n plaas te koop. My houding is dat as 'n native 'n erf het, dan is hy meer vertroubaar. Jy kan meer op hom reken as wanneer hy niks het nie. As hy leef en 'n huis het, dan is hy meer tevrede en hy bly 'n werker. Hy kan nie sy lewe daar maak nie, maar hy moet altyd werk. Maar as jy aan daardie mense 'n plaas verkoop dan maak hy sy eie lewe. Danword hy self die kaptein. Ek is 'n kind van 'n voortrekker en ek is nie daarvoor nie om die natives 'n plaas te verkoop, want as jy dit doen dan gee jy jou regte af aan die natives, dan gee jy vir hul terug die dinge waaroor ons vroeger die moeilikhede gehad het. Maar ek is daarvoor dat hy sy eie erf kan kry. Die skepsels was bly om 'n stuk grond in hande te kry. Daar was 10 of 12 ou slawe, en ek se vir die mense hul kan die naam van die plek self kies, en toe kies hul die naam van Eerste Rus.

En Riverside?-- Dit kom van Ferson, die landmeter. Dit is aan die spruit daar.

En kry hul ook water deur putte op Riverside?-- Ja. Daar is water. Maar hul kan dit nie gebruik vir drinkwater nie. Om skoon water te kry moet enig persoon putte graaf, selfs in Silverton.

MNR. WOLMARANS.



Hoever is Riverside af van die Silverton gronde Amper 'n myl--- nee, dit is nog nie 'n myl.

En Eerste Rus?--Ook omtrent 'n myl van Silverton

Riverside en East Lynne ne aan mekaar?--Nee. Daar is 'n klein stukkie grond tusse East Lynne en Riverside. Ek sal dit se van East Lynne, wat ek gister al gese het omtrent die natives in wit dorpe. Daar is dorpies, nie net East Lynne, maar ook Silverton en ander dorpies wat nog nie Gesondheids Komitees het nie. Die mense daar het miskien erwe gekoop: 'n man wat daar woon koop miskien 'n blok erwe vir witmense en dan set hul daar natives as squatters op. En daar bestaan nie 'n wet om dit te belet nie, tensy U by die verkoop 'n restriksie ingeset het dat U net alleen aan blankes sal verkoop. Maar anders is daar nie 'n wet nie om dit te belet, en dit is in my opinie 'n noodsaaklike wet, want daar is dorpe wat nog nie lokale bestuur het, en daar is nog mense wat 'n blok erwe sal koop en U kan hul nie belet nie om daar kaffers op t e set.

VOORSITTER: Is daar op Silverton erwe wat aan kaffers behoor?--Nee: ek kan nie se nie of daar kaffers woon, maar 'n man kan daar kaffers opset as hy wil.

In Villeria is daar so'n gedeelte?--Ja, Waverley. Waverley is uitgemeet vroeger deur my, en ook in die begin, maar ek het dit aan 'n kompanie verkoop en dit was bedoel vir witmense. Maar toe verkoop ek dit aan 'n Meneer Moffat van Johannesburg, en toe verkoop hy aan die African Farms en later het hul dit weer aan hom terug verkoop en hy het dit nog. Hy het teveel vir die erwe gevra, en later set hy daar kaffers op en nou is daar

200 of 300 kaffers daarop.

Het hy dit verkoop?--Nee, hy kan nie toestamming kry om dit aan kaffers te verkoop. So ver as ek weet verhuur hy dit. Hy se hul kry dit vir niks. Nou in die laaste jaar het die Parlement 'n wet gemaak dat binne drie myl van die grens van enige Munisipaliteit mag nie sulke naturelle woon nie-- hul mag nie in sulke troepe woon nie. Maar dit is nou voor die Hof gewees en twee of drie maal voor die Magistraats kantoor, en die Magistraat het die Naturelle kans gegee, maar hy het vir hul gese hul moet trek, maar hul neem nie notisie nie. Nou is dit voor die Hoë Hof. (MNR SLADE) Ek geloo nie dat die feite behoorlik voor die Hof gebring is. In 1903 of 1904 was daar nie kaffer bewoners, maar volgens die pleidoo in die Appel saak se hul dat hul al 40 of 50 jaar daar woon. (MNR WOLMARANS) Die kaffers se "waarom sal ons trek, ons woon al van die tyd van die Republiek daar,maar dit is nie so nie. . Na die Republiek verby was het daar nie kaffers gewoon nie. Dit was in my dae kaal grond gewees.

En nou woon daar 200 of 300 kaffers?--200 of 300 families. Dit is 'n groot getal.

Is dit aan die suiderkant van die Magaliesberg?-Langs Villeria.

MNR.LUCAS: Het hul daar lank gewoon voordat die Wet gepasseer was?-- Die wet was maar laaste jaar gepasseer. Daar sal enkele by gekom het, maar die grootste deel was al daar. Maar hul gee nou voor dat hul al so veel jare daar gewoon het, en daarom se hul dat die Regering nie die reg het nie om hul weg te stuur. Daar is ou plakkers wete ook wat al van die Republikeinse

dae bestaan het. 'n Man kan nie 'n klompie kaffers op sy grond set en daar huur van trek. Wat nou van so'n ding kan word, dit weet ek nie, maar ek meen hul moet weg. Want hul is tusse die witmense in. En dit is 'n ergernis vir die witmense wat al daar woon,

Gee hul moeite?--Ja. Daar is vreeslike dronkenskap onder die mense wat daar woon-- onder die natives. Dit is maar 'n roekelose klompie kaffers watdaar woon. Hul gaan baie in vir biermakery en vir smokkelary. Die mense daar kla baie oor hul. Daardie kaffers is net in en uit die tronk.

Die virnaamste rede is dat hul so baie moeilikheid veroorsaak?--Ja, daarom meen die witmense hul moet vandaar weggestuur word. Maar nou het ons daardie moeilikheid om hul weg te kry. By die Kaap het hul dit gedoen.

Hoe het hul dit by die Kaap gedoen?-- Die polies het uitgegaan en hul het 100 van hul gearresteer, maar hier doendie polies dit nie. Hier is dit nie dieselfde nie. Ek is nie teen die natives nie, en ek is nie daarop teen dat hul 'n erf sal kan koop, maar hul moet nie onder die wittes wees nie. Ons het beskaafde kaffers wat in Marabastad woon, maar ek se ons moet hul onder behoorlike kontrole hou. Ons moet hul het-- hul werk vir ons, maar ons behoor dit op behoorlike basis te hou, anders sal ons net moeilikhede veroorsaak.

VOORSITTER: Is dit al die punte wat U vir die Kommissie wil uitle?--Ja.

Ons is U baie dankbaar vir U getuienis.

---

JOHANNES ANDREW KARVIE, Representing the African Peoples Organization,

called and examined:

CHAIRMAN: I understand that you have a statement which you wish to put before us, but first of all, in what capacity do you appear before us ?-- I am the Acting Chairman of the African Peoples Organization. Another representative of the Organization should have appeared here with me, but he is not present.

In regard to wages of Natives working in town, we are of the opinion that the unchecked influx of raw Natives from farms are responsible for the low and inadequate wages for which town Natives are compelled to work by reason of this unfair competition.

In this connection, we wish respectfully to point out that in the great majority of cases, Natives from the farms flock to the towns only at such times as they may require a little cash money. As soon as this object has been achieved, they return to their farms. During their stay in the towns, however, they offered their services at a wage which is absolutely insufficient to meet the requirements of the town Native.

We respectfully suggest that it may be a recommendation by the Commission that the terms and conditions of the Land Act of 1913 be more rigidly observed by farmers. At the present time, the farmer is not satisfied that the Native who occupies a piece of land under the Land Act of 1913, gives three months full-time servide in every year, but compels the Native's wife and children to render service throughout the whole year. This unjust treatment is the direct cause of thousands of Natives leaving the farms and

flocking into the towns - where, of course, the supply of labour is already far in excess of the demand, with the very natural result that the position becomes more acute daily.

We honestly believe that if Natives are allowed to hire land and work it for their sole benefit - as was the case prior to the Land Act of 1913 - the influx of raw Natives to the towns will automatically cease and the position of the unskilled European, the Coloured man and the town Native will consequently improve.

We respectfully wish to point out that the lot of the Coloured people today is indeed a very hard one. They, as a people, have always striven hard to keep up the traditions and standard of living to which they are accustomed by virtue of the training they received during the past 250 years at the hands of the Cape Dutch people. The Coloured man strives for a decent home and the correct upbringing and education of his children, but he finds it almost impossible to achieve these ends because he is compelled to live in the midst of raw Natives; he receives an inadequate wage and is called upon to pay a rental for his house which is out of all proportion to the value of the house he occupies.

For these reasons, we humbly beg the Commission to employ its best efforts with a view to securing for us:- (a) Better wages; (b) Building sites reserved for Coloured people only; (c) Facilities which will make it possible for standholders to secure the freehold over the ground; (d) The due discrimination in all matters relating to wages, housing, etc., between Coloured people and Natives.

Mr. Karvie

8818.

In regard to poor Whites, we think that the Commissioners will agree that many poor farmers are being driven into the towns because, under the existing Land Act they are not allowed to sell or hire land to Natives. It is a well known fact that on many farms there is little or no prospect of anyone but a Native and his family being able to make a living on certain lands, and for this reason we respectfully urge the Commission to advocate the re-introduction of the old law which permitted Natives to hire land from farmers. We feel convinced that, if farm life were made more attractive and beneficial to the Natives, there will be no further influx to the towns, and many thousands now in the towns will again return to the farms, and thus the problem of overcrowding in the towns, with its attendant evils, will be solved.

On the question of industrial disputes, we are of the humble opinion that all questions relating to -

Conditions of service,

Fixing of Wages, etc., etc.,

should be treated under three distinct heads, i.e., due provision must be made for the application of the laws to (a) Europeans, (b) Coloured, and (c) Natives.

VOORSITTER: Welke getuienis het jy, dat die inloop van baar kaffers die land na onder toe druk?--Die baar kaffers kom in omdat hul nie kan leef nie van die geld om hul huise op te hou. Hul kom hier net om 'n bietjie geld by mekaar te werk, om hul posiesie op die plaas te improve of om te trou. In werklikheid leef hul van wat die plaas opbring,maar ons mense in die dorpe moet leef van

die geld wat ons verdien. With the small wages which we earn/ we have to do the best we can to keep ourselves and our families alive.

Is dit die enigste grond waarop U die bewering maak?--Ja.

Vind U dat die baar kaffers wat inkom gewillig is om goedkoper te werk as waarmee U kan uitkom?-- Ek se daa r is meer natives in die dorp /as wat nodig is, en nou moet hul vir enig prys werk wat hul kan kry, selfs vir £1.10.0 in die maand.

En dit maak dit moeilik vir U om werk te kry?--Ja.

As U praat van"building sites for coloured people" bedoel U dandat daar vandag nie fatsoenlike dele is waar bruin mense kan woon?--In die das van die ou Republiek het ons g 'n plek gekry, maar nou dat die Pretoria Council die lokasie gevat het nou is alles deur mekaar en ons woon nou almal deur mekaar.

Is daar in jul deel van die lokasie ook naturelle?--Nee. Ons het die Council baie gevra om ons tog af te sonder vandie naturelle.

En is jul bang vir die ddeur mekaar trou?--Ja, en daar is iets anders. Ons is beskaaf opgebring in die Kaap en ons het kristelike gewoontes en ons wil ons kinders op beskaafde manier groot maak. Maar die naturelle het nie baie beskaafdheid in hul, en hul bring ons kinders af.

U het gepraat van deur mekaar trou.?--Ja, daar is gevalle waar dit gebeur. Hul trou onder mekaar deurdat hul onder mekaar groot word.

VOORSITTER: Gebeur dit baie?--Ons keur dit soveel af as moontlik, maar die swak mense laat die kinders trou met net wie kom.

DR.FOURIE: Is dit die bruin manne wat met naturel

meisies trou, of naturelle wat met bruin meisies trou?--Dit is naturelle wat daarop uit is om onder ons in te kom.

VOORSITTER: Is daar veel werk wat van te vore deur die bruin mense gedoen was wat nou meer deur die naturelle gedoen word?--Ons was vroeger koetsiers gewees by die judges en die groot mense, maar vandag word baie van die werk deur die naturelle gedoen. Hul vat alles goedkoper aan. Ons kan nie leef op die prys wat die mense betaal.

U se in die laaste paragraaf dat die dinge behandel word onder drie hoofde vir die Europeane, bruin mense en naturelle. Maar hoe stel U voor-- moet daar afsonderlike reelings gemaak word vir die bruin mense en die naturelle?--Ons gedagte is ons moet geklassifiseer word met die arm blanke mense, met wages en sulke dinge.

Denk U nie daar is gevaar dat as die lone vasgestel word sodat die bruin man moet dieselfde loon kry as die witman, dat die bruin man niks sal kry nie?-- Dit is 'n kwessie wat ons baie bespreek het, die manier waarop die Wages Board die kwessie gereel het. Die blanke wil ons glad nie he nie as ons nie vir dieselfde loon werk as die naturel.

Dit word moeilik gemaak vir die bruin man as hy dieselfde loon kry as die naturel?--Ja.

U het gese die bruin mense het baie werk gekry as koetsiers, maar vandag is die perde nie meer daar nie. Is dit nie die oorsaak nie, dat die bruin mense nie so baie werk kan kry?--Ja, miskien. Maar daar is naturelle wat vandag vir £3 in die maand werk. Hoe kan ons vir daardie bedrag werk. Ons kan nie soveel werk doen nie as die baar kaffer......

Hoeveel het die bruin mense gekry toe hul nog werk gekry het as koetsiers ens.?--Party van ons het £10 tot £12 in die maand gekry. Hul het ons spesiaal laat kom

uit die Kaapkolonie.

Dit was 'n biesonder loon?--Ja.

Maar wat was die gewone loon wat die bruin man gekry het?--Dit was altyd 'n goeie beloning gewees.
Hoeveel?-- Van £8 tot £10 indie maand.

Nou kry jul dit nie meer nie?-- Nee.

Watter soort werk doen die bruin mense meestal hier in Pretoria?-- Ons moet nou maar odd jobs doen. Hedges sny, tuine skoonmaak. Party van ons is ambagtsmense wat daaraan vashou.

Ambagte wat jul in die Kaap geleer het?--Ja.

Jul betaal £2.10.0 hier aan die Council?--Ja.

Hoe groot is die huise wat jul dan kry?--Die huise het drie kamers. Dit is maar net 'n klein huisie. In Bantule vra hul die naturelle £1.15.0 vir dieselfde. Ons het 'n bietjie beter sanitary service, maar die huise is net so groot as die waarin die naturelle woon.

Die naturelle het vir ons gese hul betaal dieselfde as wat jul betaal?--Nee, dit is verkeerd.

In Marabastad?--Daar is party van ons standholders. Ons betaal 10/- in die maand, maar die wat in die huise woon betaal £2.10.0.

Steen huise?--Sement huise.

Vir die driekamer sement huise betaal jul £2.10.0?-Ja. Ons het hul versoek om die pryse af te bring. Die huis is selfs nie goed beskerm teen reen nie en die water val op die stoof. Die hele huis lek as dit reen.

MNR.LUCAS. Waarom loop die naturelle weg van die plase as hul vrouens ook moet werk?--Ek het baie van hul gevra hoe kom loop so baie van hul dorptoe. Hul se hul wil

nie by die farmers werk nie. Hul wil nie dag en nag werk wanneer hul vrouens en kinders ook moet werk. Hul moet almal werk vir die plaas en hul wil dit nie doen nie. Em die grond wat hul kry is baie keer so klein dat hul nie lewe daarop kan maak nie.

Maar is dit omdat hul vrouens moet werk of is dit omdat hul nie bestaan kanmaak nie?--Aan die een kant omdat hul vrouens ook moet werk maar aan die ander kant omdat hul nie bestaan kan maak nie.

VOORSITTER: Is daar nog iets wat U wil se?--Die lokasies is nie goed nie. Waar 'n toenship is daar is minder moeite en daar gebeur minder kwaad as waar 'n lokasie is. Ek reken die Goewernement moet liewer plase opsny en freehold verkoop aan die naturelle.

Watter townships denk U aan?-- LadySelborn. Daar is nie 'n Superintendent en die mense gaan goed aan. Die naaste polies stasie is 1½ myl af en daar is niks verkeerd in Lady Selborn Township.

Daar is meer rus en orde?--Ja, dit word bestuur deur 'n Native & Coloured Committee onder die Daspoort Village Council.

DR.FOURIE. Is dit nie mense wat van hier wegtrek en daar gaan woon-- dit is die goeie mense wat ~~so n toe~~ soontoe gaan?--Ja, dit kan wees. Dit is mense wat hul eie wonings het. On Saterdae enSondae loop baie mense hier in die dorp rond en dan doen hul kwaad.

MNR.LUCas: U hou nie van lokasies nie?--Nee, ek lyk nie einetlik lokasies, want ons kan niks goeds geaan kry nie. Ons kan vra wat ons wil maar ons kry niks gedaan...

Het U dieselfde Superintendent as Marabastad en Bantule?--Ja .

Is U tevrede met hom?--Nee, nie heelmaal nie.

Waarom nie?--Hy is nie man wat groteliks medelydend is met die mense. Hy kyk net agter die besigheid van die Council.

DIE KOMMISSIE HET om 4.10 verdaag tot 10 uur v.m. op 10 Juni.

BLADS. 8840 volg.

**Collection Number: AD1438**

**NATIVE ECONOMIC COMMISSION 1930-1932, Evidence and Memoranda**

***PUBLISHER:***

*Collection funder:-* **Atlantic Philanthropies Foundation**
*Publisher:-* **Historical Papers Research Archive**
*Location:-* **Johannesburg**
**©2013**

***LEGAL NOTICES:***

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document is part of the archive of the South African Institute of Race Relations, held at the Historical Papers Research Archive at the University of the Witwatersrand, Johannesburg, South Africa.